# Lesing 20.06.2018 - DEEL 33 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

Satan en die Doderyk in beroering.

**2 Nikodemus 4.1** EN terwyl hulle almal so vreugdevol was, kom **Satan**, die heerser oor die duisternis, en sê vir die **Doderyk/Sheol**:

1a Allesverslindende en Onversadigbare, luister na my woorde! [Spreuke 30:16]

1b Daar is iemand uit die geslag van die manne van JeHûWdah, JaHWèshua, wat Homself die Seun van Elohim noem, maar Hy is 'n adamiet en met ons medewerking het die Jode Hom gefolter.

1c En noudat Hy dood is, maak jou klaar sodat **ons Hom hier in bewaring** kan neem.

**5.1** TERWYL **Satan** en **Doderyk/Sheol** besig was om so **met mekaar te praat**, klink daar 'n groot Stem, soos van donder, wat sê:

1a Hef op jul poorte, o vorste, en verhef julle, ewige deure, en die Erekoning sal binnetree! [Psalm 30:3; Odes van Salomo 17:9-11]

DIE Hooglied van Salomo. [DIE VROU PRAAT:]
Hoogl 1:1 Die Bruid bely haar liefde

1:2 Laat Hy My kus met kusse van Sy Mond; want U liefde is suiwerder as wyn.

1:3 Die aroma van U salf is suiwer, U Naam is soos salf wat uitgegiet is; **daarom het die maagde U lief**.

1:4 Trek My agter U aan, laat Ons gou maak! **Die Koning het My in Sy binnekamers gebring.** Ons wil juig en Ons in U verheug, Ons wil U liefde prys meer as wyn. Met Reg het hulle U lief.

1:5 **Ek is swart, maar lieflik**, o Dogters van Jerusalem, soos die tente van Kedar1, soos die gordyne van Salomo. [Klaagliedere 4:7-8, Klaagliedere 5:2]

1:6 Moenie na My kyk omdat Ek so swart is, omdat die **Son My verbrand** het nie: die Seuns van My Moeder was toornig op My; hulle het My aangestel as **oppasser van die Wingerde**; My eie Wingerd het Ek nie opgepas nie. [Odes van Salomo 15:6]

1:7 Vertel My tog, wie My Siel liefhet, **waar laat U wei**, waar laat U smiddags die vee lê en rus? Want waarom sou Ek wees **soos een wat Haar met 'n sluier toedraai** by die kuddes van U metgeselle?

**Hgl 2:1 [DIE MAN:]** EK is 'n roos van Saron, 'n lelie van die dale.

2:2 Soos 'n **lelie** tussen die **dorings**, so is My vriendin onder die Dogters. [2 Ezra 5:24; DaniEl 13:2]

2:3 **[DIE VROU:]** Soos 'n appelboom onder die bome van die bos, so is **My Beminde onder die Seuns**. Ek het verlang om in Sy skaduwee te sit, en **Sy vrugte is soet** vir My verhemelte.

2:4 Hy het My in die **wynhuis** ingebring, en Sy vaandel oor My was **die liefde**.

2:5 Versterk My met rosynekoeke, verkwik My met appels, want Ek is krank van liefde.

2:6 Laat Sy **linkerarm** onder My hoof wees en Sy **regterarm** My omhels.

2:7 Ek besweer julle, **Dogters van Jerusalem**, by die gemsbokke of by die takbokke van die veld, om nie die liefde wakker te maak of op te wek voordat dit die [liefde] behaag nie.

2:8 Hoor, My Beminde, kyk, daar kom Hy! Hy spring oor die berge, Hy huppel oor die heuwels.

2:9 My Beminde lyk soos 'n gemsbok of soos 'n jong takbok. Daar staan Hy **agter Ons muur**! Hy kyk deur **die vensters** in, Hy speur **deur die tralies** heen. [Psalm 78:61; 88:11; 142:7; Odes van Salomo 21:2]